## Dagboek asb!

| | |
|---|---|
| 22 Augustus | Krieket o/11 en 1ste span (weg) Laerskool Monumentpark |
| 23 Augustus | Mini-Krieket te Prestige College |
| | Mini-Hokkie te Curro Roodeplaat |
| 25 Augustus | 2de span Krieket WEG vs Hammanskraal |
| 26 Augustus | Hokkie WEG Mayville |
| | 1ste span Krieket TUIS vs Hammanskraal |
| 27 Augustus | o/9 Krieket WEG Hammanskraal |
| | o/10 Krieket TUIS Bakenkop |
| 28 Augustus | Hokkie TUIS (by HS WONDERBOOM) vs Woodhill |
| | o/11 Krieket TUIS vs Hammanskraal |
| 29 Augustus | Graad 7 Entrepreneursdag |
| 30 Augustus | Mini-Krieket te Broederstroom |
| 1 September | LENTEDAG - gratis gewone klere |
| 1-5 September | OMGEEWEEK (sien meer detail oor die *CHALLENGE* op bl. 4) |
| 5 September | Lentejol t.b.v. Personeelfonds |
| | Loslitdag t.b.v. Alma skool @ R20 (R10 gewone klere val weg) |

## Lief en leed:

**Die Boeries dink aan Jano Nel in Graad 7 wie se pappa skielik oorlede is. Jano, mag jy troos vind in mooi herinneringe aan jou pappa.**

## Skoolgelde:

**Hiermee dringende kennisname dat alle skoolgelde teen einde Oktober betaalbaar is. Geen uitstel sal gegee word nie.**
**Ouers wat later in 2025 ingeskryf het, betaal tot Desember.**
**Kyk asb. op d6 Connect (Finansies).**
**Navrae: Graad R (Me Linda Minnaar) rekeninge@boerefort.co.za en**
**Graad 1-7 (Me Wendy Strydom) finansies@boerefort.co.za**

BOEREFORT
WAAK EN WERK

# Omsendbrief 27

22/08/2025

De Beerstraat 325
Wonderboom-Suid, 0084

www.boerefort.co.za
boeries@boerefort.co.za

012 335 2841




## Konsert:

**Die leerders oefen reeds lekker aan die Konsert wat plaasvind vanaf 29 September tot 2 Oktober.**

**Ouers kan asb. voorlopig begroot vir R80 per bespreekte sitplek. U sal in kennis gestel word sodra kaartjieverkope open. Moet asb. nie nou al kontant stuur/EFT nie.**

**Briewe ter inligting volg binnekort.**

## Loslitdag:

**Ons vier Vrydag, 5 September, Loslitdag. Plakkers te koop by Me Sandrinette Pretorius t.b.v. Alma Skool. R20 kontant per plakker asb.**




## Graad 7 Entrepreneursdag:

**Ondersteun asb. ons Graad 7's met Entrepreneursdag wat plaasvind op Vrydag, 29 Augustus.**


2026 ONLINE ADMISSIONS
FOR GRADE 1 AND 8
10th Year
ONLINE ADMISSIONS
Anniversary
APPLY ONLINE
FOR GRADE 1 AND/OR
GRADE 8
to secure space for your child at a
Gauteng public school.
OPEN:
THURSDAY
24
JULY
2025
CLOSE:
FRIDAY
29
AUGUST
2025
To apply, login to
www.gdeadmissions.gov.za
For more information
and queries contact us on
0800 000 789 or
WhatsApp on 060 891 0361
or Email on
gdeinfo@gauteng.gov.za
#2026OnlineAdmissionsGP
PLAY YOUR PART!
APPLY ONLINE! APPLY ON TIME!
The Gauteng Department of Education
@EducationGP1
@gautengdepartmentofeducation
@educationgp
GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER


Laerskool Boerefort
Graad R 2026
Inskrywings
Inskrywingsvorm
'n Plek om saam te leer, te speel en te groei!
"Begin jou kleinding se eerste treë met Laerskool Boerefort se Besige Boeries, 'n plek waar leer 'n opwindende avontuur word! Registrasie is nou oop, kom sluit aan by ons groot familie."
Registrasie Tydperk
1 Mei tot 10 Desember
Kontak Ons
Webtuiste
www.boerefort.co.za
Kontak ons
admin@boerefort.co.za
ontvangs@boerefort.co.za
Waar is ons?
De Beer Straat 325
Wonderboom-Suid
Pretoria
BOEREFORT

## Omgeeweek:

**Vind plaas volgende week vanaf 25 tot 29 Augustus. Ons weet die begroting is bietjie styf met alles wat die kwartaal plaasvind, maar ons doen tog 'n beroep op almal wat kan om 'n bydrae te lewer.**

***CHALLENGE - Elke dag kompeteer die volgende klasse teen mekaar as volg:***

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG** | **25 Augustus - Graad R en 1 klasse** | **Deodorant, handeroom, sjampoe, seep, tandepaste<br>Die klas met die langste ry skenkings gepak, wen** |
| **DINSDAG** | **26 Augustus - Graad 2 en 3 klasse** | **Koffie, tee, suiker, boksie melk, aanmaakkoeldrank<br>Die klas met die volste emmers wen** |
| **WOENSDAG** | **27 Augustus - Graad 4 en 5 klasse** | **Pasta, rys, soppoeier, mieliemeel, hawermout, ontbytgraan<br>Klas wat die beste 'Omgeeweek" kan spel met skenkings wen** |
| **DONDERDAG** | **28 Augustus - Graad 6 en 7 klasse** | **Blikkieskos, smere vir brode, tamatiesous, toiletpapier<br>Klas met die hoogste toring, wen** |

***Die algehele wenner is die KLAS wat die meeste nie-bederfbare kruideniersware insamel. Grade kan elke dag bring soos hulle goed dink (die daaglikse CHALLENGE is net vir pret).***

**Die wenklas kan op Woensdag, 3 September, gewone klere aantrek.**



## Spognuus:

**Keagen Bischoff is 'n sportseun van formaat en wys tans sy staal op die Krieketveld as 1ste span speler van Laerskool Boerefort. Hy is nou verkies tot die AVS Bokkieweekspan.**

**Sterkte Keagen met jou voorbereiding. Geniet elke oomblik! Ons weet jy gaan jou beste gee - ons is trots op jou!**

# Spognuus (vervolg):



**Daniëlla van der Merwe het op Vrydag, 15 Augustus, deelgeneem aan die Noorderkruin Kunstefees. Sy ontvang 'n A-simbool tesame met 'n goue sertifikaat vir haar Akrobaat beginner solo.**

**Baie geluk, Daniëlla! Dit is 'n pragtige prestasie - die Boeries is baie trots op jou.**



**Mikayla Pauley het ook Vrydag deelgeneem aan die Noorderkruin Kunstefees. Sy het 'n A-simbool gekry in die 0/7 Beginner akrobaat afdeling.**

**Wel gedaan Mikayla met jou spog-prestasie! Jy is 'n ster en ons kan sien hoe geniet jy die Akrobaat. Baie geluk!**



**Lenay Strydom het op 17 Junie 2025 haar RAD (Royal Academy of Dance) Ballet Graad 2 eksamen afgelê en slaag met 'n onderskeiding.**

**Hierdie is voorwaar besondere spognuus.**
**Baie geluk Lenay!**



**Xylon de Bruin het Vrydag, 15 Augustus, 'n A+ toekenning vir sy verfkunswerk gekry tydens die Noorderkruin Kunstefees.**

**Jou kunswerk is pragtig en ons is dit is vir ons lekker dat jy die nuus met ons deel. Baie geluk, Xylon!**




## Doxa Deo Wonderboom:

**Mamma's en pappa's van Laerskool Boerefortis welkom om elke Donderdag oggend vanaf 06:30-07:00 aan te sluit by ons gebedsgroep vir die skool. Ons tree in vir personeel, die bestuur/BL, kinders, ouers, en natuurlik vir enige aktiwiteite wat plaasvind by die skool. As dit op jou hart druk om deel te vorm van Laerskool Boerefort se ouer-gebedsgroep en jy glo in die krag van gebed, nooi ons jou uit om die WhatsApp groep te join deur of die QR-kode te skandeer of die volgende skakel te volg: https://chat.whatsapp.com/BOPyLAX5ZnnFk9guGhmolA**

## Verjaarsdae:

**LEERDERS:**

| | |
|---|---|
| **23 Augustus** | **JR Hlabyago** |
| **23 Augustus** | **Phillip Koekemoer** |
| **24 Augustus** | **Miannay Williams** |
| **25 Augustus** | **Beanté Jordaan** |
| **25 Augustus** | **Le-May van Aswegen** |
| **25 Augustus** | **Dwayne Steynberg** |
| **27 Augustus** | **Lourens du Plessis** |
| **28 Augustus** | **Angelique Steenkamp** |



**ANDER:**

| | |
|---|---|
| **24 Augustus** | **Me Kylie de Swardt (Nasorgsentrum)** |
| **26 Augustus** | **Me Bianca van Niekerk** |

## *KFC Mini-Krieket:*

**OEFENING: seuns en dogters o/6 tot o/8**
**o/9 speel hardebal-krieket**
**Maandae vanaf 15:30 - 16:30**
**Woensdae vanaf 14:30 - 15:30**

**AFRIGTERS GESOEK!**
**Enige ouers en/of hoërskoolleerders wat kan uithelp met afriging, moet asb. kontak maak met Me Latoya Bester.**

**VOORLOPIGE DATUMS:**
**23 Augustus - Prestige College**
**30 Augustus - Laerskool Broederstroom**
**6 September - Provincial Festival (geselekteerde skole)**
**13 September - Laerskool Hermanstad**
**20 September - Laerskool Boerefort**
**27 September - Zone Festival (alle skole welkom)**

**Kontakpersone (ouers):**
**Me Latoya Bester 071 054 4211**
**Me Anna Helberg 067 189 0611**

**Mnr Christoff de Beer (Sportbestuurder) - sport@boerefort.co.za**



## Geheue ontwikkeling:

**Die SA Instituut vir Geheue vir ontwikkeling is volgende week besig met gratis evaluasies vir die Graad 3 tot 7 leerders met betrekking tot leer- en lewensvaardighede ten einde hulle volle potensiaal te bereik.**
**Voltooi asseblief die studieprofiel van u kind wat binnekort per d6 Connect en e-pos adres uitgestuur word saam met inigtingbrief.**



## Hokkie:

**OEFENING: (o/10-o/13)**
**Maandae vanaf 14:00-15:30 en Vrydae vanaf 13:45-14:45**

**WEDSTRYDE:**
**26 Augustus WEG vs Laerskool Mayville**
**28 Augustus TUIS (by HS WONDERBOOM) vs Woodhill**
**4 September WEG vs Curro Roodeplaat**
**11 September TUIS (by HS WONDERBOOM) vs Swartkop**
**16 September WEG te Laerskool Riviera**

## Mini-Hokkie:

**OEFENING: (o/7-o/9)**
**Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 13:30-14:30**

**WEDSTRYDE:**
**23 Augustus WEG te Curro Roodeplaat**
**9 September WEG te Laerskool Bergsig**
**20 September WEG te Laerskool Stephanus Roos**

## Kunstefees:

***Deelnemername vergesel hierdie omsendbrief.***

**ENGELSE VOORDRAG**
**1-8 September Laerskool Tuinrand**
**Ingang en parkering vanuit Shumanns Laan**
**Toegang R10 per persoon**
**Deelnemers betaal nie**

**AFRIKAANSE VOORDRAG**
**9-23 September Laerskool Tuinrand**
**Ingang en parkering vanuit Shumanns Laan**
**Toegang R10 per persoon**
**Deelnemers betaal nie**

**SENIOR REVUE**
**6 September Hoërskool Wonderboom om 12:40**
**Toegang R20 per persoon by deur betaalbaar**

## Boerie ondersteunershemde:

**Daar is nog ondersteunershemde te koop teen die spesiale prys van R270 by Me Adri Snyman by die klerewinkel/Nasorgsentrum.**
**Slegs kaartbetalings asb.**
**Mans- en damessnitte om van te kies.**



# Oud-Boeries:




**Ons wil vir Xandrea Vollgraaff baie geluk wens met haar verkiesing tot Hoërskool Oos Moot se matriekraad vir 2026.**

**Om Hoërskool Oos Moot aan te haal per plasing op Facebook:**
**"Julle is nie net 'n span nie – julle is stemme, helpers en rolmodelle vir elke Oosie..."**

**Xandrea is 'n voorbeeld vir die Boerie-maats wat sy vooruitgaan. Baie geluk!**



**Willie van Niekerk (kaptein o/15A) en Michael Bhuda (kaptein o/16A) se Rugbyspanne is deur na die Noordvaal Rugby Semi Finale.**

**Ons is saam met Hoërskool Oos Moot baie trots en wens beide spanne alle sterkte toe!**

**Dit is 'n voorreg om te kan spog met jong manne wat reeds hier by die Boeries op die sportveld gewoeker het met hulle talente.**




**Pieter Barlow speel vir die JV-boys Krieketspan.**
**Hulle het op 16 Augustus teen 'n span van Zimbabwe gespeel.**
**HTS John Vorster het gewen en Pieter was aangekondig as die speler van die wedstryd.**

**Mooi so, Pieter!**

## Oud-Boeries (vervolg):




**Marnus Grobler is gekies vir die Hoërskool Oos Moot se TOP 30 Atletiekspan. Hy sal deelneem aan die 1 500m tydens ie byeenkoms wat plasvind op 23 en24 September te Potchefstroom.**

**Ons wens jou alle sterkte toe, Marnus.**
**Ons weet jy gaan die Osies (en Boeries) baie trots maak!**



**Baie geluk aan Leonard Prinsloo.**
**(Tans in HTS John Vorster).**
**Hy is gekroon as Meneer JV en Meneer Fotogenies vir 2025.**

**Baie geluk, Leonard!**




**Moet asb. nie EFT nie - slegs kontant word direk inbetaal by Me Natania Smith.**



## Krieket:

**OEFENING: 25 tot 29 Augustus**

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG:** | **14:00-15:30** | **o/9 en o/10** |
| | **15:00-16:30** | **o/11** |
| | **15:00-17:00** | **1ste span** |
| **DINSDAG:** | **14:00-15:30** | **o/9, o/10 en 2de span** |
| | **15:00-16:30** | **o/11** |
| | **14:00-15:30** | **o/10 en 2de span** |
| **DONDERDAG:** | **15:00-16:30** | **1ste span** |

## Tennis:

**Enige navrae: (Sportbestuurder) Mnr Christoff de Beer (sport@boerefort.co.za).**

**OEFENING: (Wedstryde op Maandae)**
**Oop Seuns DONDERDAE 14:00-15:00 (Afrigter - Me Cheri Wagner)**
**Oop Dogters DINSDAE 14:00-15:00 (Afrigter Me Maretha Theron)**
**o/11 Seuns VRYDAE 13:35-14:35 (Afrigter - Me Monique Pieterse)**
**o/11 Dogters DINSDAE 14:00-15:00 (Afrigter - Me Annemie van Wyk)**

## Saamrygeleentheid gevra:

**Boerie mamma vra asb. vir 'n saamrygeleentheid vir oggende en middae vanaf Tileba tot by Laerskool Boerefort en terug. Kontak asb. mamma direk indien u kan help: 0646551615**

## Lentedag kompetisie:

**Die Boeries vang lekker LENTE-gees!**
**Op Maandag, 1 September, hou ons kompetisie!**

**Boerie-maats moet 'n kreatiewe Lente-hoed maak. Hulle moet die hoed dra skooltoe.**
**Die wenner kry 'n spesiale verrassing.**

**Let wel: Vrywillig, maar ons vra dat almal sal deelneem.**
**Wees kreatief en moet asb. nie onnodige onkostes aangaan nie!**

## Pie Partners fondsinsameling

**Bestelvorm vergesel omsendbrief.**
**Hardekopieë beskikbaar in kantoor.**

**EFT/Kontant welkom.**

**Laaste dag vir bestelling: 17 September**
**Aflewering vind plaas: 19 September**

**Navrae: Me Linda Minnaar**
**(rekeninge@boerefort.co.za)**










# Advertensie-geleentheid

**Hierdie is slegs 'n advertensie geleentheid vir die maatskappy/ individue om produk/diens te bemark in ons omsendbrief.**
**Laerskool Boerefort onderskryf geen waarborg of aanspreeklikheid vir enigeen wat op enige advertensies reageer nie.**